## 1 Junie — Lukas 10:25-37

Maar, wie is my naaste?

'n Strikvraag! Hierdie wetsgeleerde wil graag die grense van God se liefdesgebod bepaal. Tot waar sou hierdie liefdesgebod strek? Wie word ingesluit en word uitgesluit? Hy wil weet waar sy verpligtinge ophou, sodat hy nie dalk "per ongeluk" aan die verkeerde mense sy liefde "onnodig" bewys nie.

In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is dit die Jood se eie mense wat gemaak vroom (met "godsdienstige" verskonings), by hom verbygaan. 'n Samaritaan (op wie die Jode neergesien het), het hom egter oor hierdie gewonde man ontferm. Hy het hom egter nie net vinnig uit die pad gehelp nie, maar omvattende versorging aan hierdie man verleen. Hy sou ook weer later terugkom en na die man se welstand verneem. Hy het nie net die basiese gedoen nie, maar meer as wat 'n mens sou verwag. Hy het hierdie gewonde man se "naaste" geword; dit wil sê - die een wat in daardie omstandighede die liefde van God prakties en oorvloedig uitgeleef het. Die vraag is nie "Wie is my naaste?" nie, maar wie se naaste is ek? Wie bring God op my pad, sodat ek God se liefde aan daardie persoon, oorvloedig kan bewys, sonder om iets terug te verwag? In Jesus Christus het God se liefde my lewe binnegestroom. Deur sy Heilige Gees wat nou in my hart woon, moet my hele lewe nou 'n fontein van opborrelende liefde wees. Hierdie liefde word nie selektief net aan sommige mense, (wat ek self uitkies), uitgedeel nie, maar aan elkeen wat God op my pad bring. Wie se naaste was jy vandag?

Sing: Skrifberyming 28b

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)